# KINDERKERK LES: Verstaan jou Bybel – Afdelings van die Ou Testament – Die Wet

**Doel van les:**

- Om die basiese samestelling van die Bybel beter te verstaan sodat ons dit gemakliker kan lees en gebruik.

**Ysbreker 1: Boek ordes:** Maatjies, onthou julle dat ons gesels het oor die Bybel en dat daar 66 boeke in die Bybel is? Die Bybel is in twee dele opgedeel. Wie onthou wat ons dit noem? Die Ou Testament en die Nuwe Testament. Vandag gaan ons weer die name van die eerste vyf boeke in die Ou Testament opsê om te kyk of ons dit nog onthou. Ek gaan die naam sê, en dan kyk julle of julle die bewegings kan onthou en dit doen. Is julle reg? (Die want gedeelte tussen die hakies is vir onderwyser se inligting en jy kan kies of jy dit nou al met kinders wil deel)

- **Genesis** – Albei hande bokant jou kop in 'n boog (Want in die begin het God die hemel en die aarde gemaak;
- **Eksodus** – Wys met wysvinger (God se Volk verlaat Egipte)
- **Levitikus** – Handpalms saam soos in gebed (Levitikus beskryf die maniere waarop sondige mense God kan aanbid en hoe ons heilig kan lewe.)
- **Numeri** – Hou drie vingers op (Die volk is getel)
- **Deuteronomium** – Wysvinger wat wys na kant van kop – jou tempel – (Herhaling van die wette om die belangrikheid van gehoorsaamheid te onderstreep en hoe God vir Israel sorg.)

Ons leer so mooi die eerste vyf boeke se name, maar het julle geweet dat hierdie vyf boeke die Wet boeke genoem word? Ek weet baie van julle het nog nooit die woord 'Wet' gehoor nie, maar ek gaan vandag vir julle verduidelik wat dit beteken.

**Ysbreker: Follow the leader:** Kry 'n rooi, geel en groen stuk karton. Vra vir die kinders wat elke kleur beteken wanneer jy op die pad ry en by 'n robot kom waar daar 'n rooi, geel en groenlig is. Ons gaan nou 'follow the leader' speel, en julle gaan die bewegings doen wat ek doen. Wanneer ek die rooi karton ophou moet julle stop. Geel beteken ons doen dit stadiger, en groen beteken ons mag beweeg. Speel nou 'follow the leader' met die kinders waar jy verskillende bewegings doen soos hulle agter jou aanstap en hou die kleure op soos julle speel.

**Aktiwiteit:**

Maak gou 'n lysie in julle groepies van reëls wat julle by die skool en by die huis moet volg. Met ander woorde, wat mag julle doen en wat mag julle nie doen nie?

Kry terugvoering en vra vir die kinders wat sal gebeur as ons nie die reëls volg by die huis of by die skool nie.

**Sê:** Reëls is daar om ons veilig te hou. Wanneer mamma bv sê: Moenie met 'n mes hardloop nie, is dit omdat sy weet jy kan dalk val en jouself seermaak met die mes.

Het julle geweet God het ook reëls? Ja ons lees van die reëls in die 'Wet boeke'. Dis nou die eerste vyf boeke van die Bybel wat julle netnou so mooi opgesê en gewys het. Daar was omtrent 613 reëls of wette wat God vir Moses gegee het om vir Sy volk te leer. Dink julle julle sal 613 reëls kan onthou? Soms is dit moeilik om net een van die reëls by die skool of by die huis te onthou en gehoorsaam, wat nog van 613? Vandag gaan ons oor tien van hierdie reëls of wette in die Bybel gesels.

**Die Tien Gebooie**

God het Moses geroep om die Israeliete uit Egipte weg te neem. Sy broer, Aäron, help hom.

Presies drie maande nadat hulle uit Egipte weg is, het die Israeliete in die woestyn Sinai gekom. Hulle het langs 'n berg kamp opgeslaan. Dit was toe op daardie berg wat God vir Moses geroep het en vir hom reëls gegee het om vir God se volk te leer. Ons gaan vandag van 10 leer. Ons noem dit die 10 Gebooie.

Is julle reg om te hoor wat die 10 reëls was? Ek dink julle moet saam met my staan en dan gaan ons dit als leer met bewegings.

1. **Daar is net een God. Jy mag nie ander gode behalwe vir My hê nie**. (Hou een vinger op)

2. **Jy mag nie 'n afgod of 'n teken maak, voor dit kniel, en dit God noem nie**. (Hou net jou linker en regter wysvingers op. Buig nou die een vinger op en af soos iemand wat kniel voor 'n afgod. Onthou 'n afgod is iets wat vir ons belangriker is as God.)

3. **Jy mag My Naam, nie verkeerd of as 'n vloekwoord gebruik nie**. (God is 'n Drie Eenheid. God die Vader, Jesus en die Heilige Gees. Hou drie vingers op en wys na elke vinger soos jy die Drie Eenheid noem. Bring dit nou na jou mond toe en plaas dit voor jou mond*.)*

4. **Werk ses dae van elke week en rus op die rusdag**. (Hou vier vingers van een hand op. Maak asof die vier vingers nou 'n kussing is en lê met jou kop op die vier vingers.)

5. **Eer jou pa en jou ma**. (Hou een hand se vyf vingers op. Plaas dit nou op jou voorkop dat dit soos 'n kroon lyk.)

6. **Jy mag nie moord pleeg nie**. (Ses rym met mes. Hou vyf vingers op en dan die duim van die ander hand. Vou jou vyf vingers om die hand wat net die duim wys. Maak nou asof dit 'n mes is en druk dit na jou bors toe.)

7. **Julle mag nie julle mans of vrouens sommer net so los as julle getroud is nie**. (Hou vyf vingers van een hand op en dan wysvinger en middelvinger van jou ander hand. Laat die wysvinger en middelvingers om mekaar vou. Hulle bly by mekaar.)

8. **Jy mag nie steel nie**. (Hou weer die een hand op en dan wysvinger, middelvinger en ringvingers van ander hand. Maak jou ander hand gryp daardie vingers om met dit weg te dra.)

9. **Jy mag nie jok nie**. (Maak asof jy iets agter jou rug wegsteek en skud jou kop. As ons iets verkeerds gedoen het, dan wil ons dit mos wegsteek en maak ons het niks gedoen nie.)

10. **Julle mag nie wens julle het iets wat iemand anders s'n is nie: soos iemand se huis, of sy kar of sy geld of speelgoed of enige iets van hom nie.** (Hou albei hand op en maak nou jy gryp na goed in die lug.)

Herhaal 'n paar keer todat kinders dit onder die knie het.

Jy kan deur die tekens gaan en vra wat sal gebeur as daar nie so reël was nie.

**Aktiwiteit: Pass the parcel:** Gee vir elke groepe 'n sakkie met tien nommers in. Speel musiek en laat die sakkie in die sirkel rondbeweeg. Wanneer die musiek stop, laat die kind wat die sakkie het, 'n nommer trek en kyk of hulle kan onthou watter gebod dit is. Die hele groep mag help om met die hande die beweging te doen, dit sal die kinders help om te onthou. Niemand is uit met die speletjie soos gewoonlik nie. Die speletjie gaan aan totdat al die nommers getrek is.

Hierdie gebooie is nie net vir grootmense of net vir kinders bedoel nie, maar vir almal.

God is baie lief vir die mense, die eerste vier reëls of gebooie help mense om te weet hoe om God lief te hê. Die laaste ses help mense hoe om liefde aan ander mense te wys.

Maatjies, ek weet dit is moeilik om al die reëls te volg, maar as jy dalk 'n foutjie maak, onthou dat jy altyd na God kan gaan en jammer sê.

Sluit af met gebed in groepe.


9
10
7
8
5
6
3
4
1
2